Verklaring van die UK Konvent vir Eenheid

Die Uitvoerende Komitee van die Konvent vir Eenheid, gehou van 29 November tot 1 Desember 2004 te Schoemanshoek, Oudtshoorn, verklaar die volgende:

1. Die vergadering het begin deur met storievertelling persoonlike ervarings van pyn en vreugde met mekaar te deel.

2. Na eerlike gesprek oor versoening, geregtigheid en restitusie bevestig die vergadering dat hierdie sake prioriteite in ‘n voortgaande gesprek bly.

3. Die vergadering se verbintenis tot kerkhereniging word herbevestig.

4. Die vergadering verklaar dat *wedersydse vertroue* `n onverhandelbare uitgangspunt op die pad na kerkhereniging is.

5. Die vergadering verklaar dat die *Belydenis van Belhar* `n volwaardige belydenis binne `n herenigde kerk behoort te wees.

6. Die vergadering aanvaar dat die besluite van die ASK (VGK) (November 2004) en die Algemene Sinode (Oktober 2004) (NGK) sekere parameters vir toekomstige optrede daarstel.

7. In lyn met punt hiermee (punt 6) word drie terreine vir samewerking geïdentifiseer:

7.1 Om regtig saam te werk, saam te strewe en saam te stry om gemeentes te help ten einde die evangelie in ons land so effektief as moontlik te bring.

7.2 Om gemeentes binne die genomineerde sinodale gebiede as deel van die eenheidsproses te begelei na die aanvaarding van die Belydenis van Belhar wat regtige aanvaarding van die hart sal wees en waarin die pyn van die konteks verreken is.

7.3 Om vanuit ‘n gemeenskaplike herverstaan van ons kerklike geskiedenis ‘n weg te vind waar weliswaar dalk klein, maar tasbare tekens opgerig kan word rakende restitusie. `n Verskeidenheid opsies vir restitusie is bespreek. Daar word egter geoordeel dat ten minste drie opsies nou daadwerklike optrede vra:

7.3.1 Die herstel van menswaardigheid op soveel vlakke as moontlik.

7.3.2 Die doen van `n omvattende oudit van gemeente-eiendomme wat onder apartheid ontneem is.

7.3.3 Die vrywillige bydrae van predikante, lidmate, gemeentes, ringe en sinodes van die NGK en VGK tot `n egalisasiefonds ten einde VGK leraars in groot finansiële nood by te staan.

8. Hierdie verklaring word na die onderskeie sinodes se moderature en moderamens / SK’s verwys vir hulle insette en die verskaf van die nodige mandate. ‘n Taakspan is reeds aangewys wat, in opdrag van die Konvent, strategieë moet ontwikkel wat die proses van kerkhereniging in die gebied van die Konvent kan stimuleer. Hierdie sake word ook na die Taakspan verwys om, waar van toepassing, strategieë in hierdie verband te begin uitwerk.

UK Konvent vir Eenheid
1 Desember 2004